Toutrek



Yvonne Winer

Connie Bull

Toutrek

retold by Yvonne Winer
illustrated by Connie Bull

Seekoei, Olifant en Springhaas het op ‘n klein eilandjie gewoon.

Seekoei het aan een kant van die eiland gebly, Olifant aan die ander kant en Springhaas in die middel van die heuwel.

Springhaas was geïrriteerd met Olifant en Seekoei omdat hulle hom geboelie het. Hy het toe ‘n slim plan beraam om vir hulle ‘n les te leer.

Hy het rankplante gekry en hulle gevleg om ‘n lang tou te maak.

Hy het eerste na Olifant gegaan en vir hom gesê: “Olifant, ek glo ek is baie sterker as jy.”

Olifant het gelag en gesê: “Simpel Springhaas. Ek is baie groter as jy. Daarom moet ek sterker wees.”

Springhaas het gesê: “Laat ek hierdie tou om jou bind. Ek sal aan jou bewys dat ek jou by die heuwel kan op trek.”

Olifant het gegiggel terwyl Springhaas die tou om hom gebind het.

“Ek gaan oor die heuwel hardloop met die ander punt van die tou,” het Springhaas gesê. “Wanneer ek die piek van die heuwel bereik sal ek ‘trek!’ skree en sal jy sien dat ek sterker is as jy.”

Springhaas het daarna by die heuwel op gehardloop en na Seekoei aan die ander kant van die heuwel gegaan.

“Seekoei, ek glo ek is baie sterker as jy,” het hy vir hom gesê.

Seekoei het gelag en gesê: “Simpel Springhaas. Ek is baie swaarder as jy. Daarom is ek beslis sterker as jy.”

“Laat ek hierdie tou om jou bind. Ek sal aan jou bewys dat ek jou by die heuwel kan op trek,” het Springhaas gesê.

Seekoei het al hoe harder gelag terwyl Springhaas die tou om hom gebind het.

"Ek gaan oor die heuwel hardloop met die ander punt van die tou," het Springhaas gesê. "Wanneer ek die piek van die heuwel bereik sal ek 'trek!' skree en sal jy sien dat ek sterker is as jy."

Toe Springhaas seker was dat beide Olifant en Seekoei hom op die heuwel kon sien het hy geskree: “Trek!”

Die toutrek het begin!

Olifant het getrek en geruk en geblaas. Hy het Seekoei halfpad by die heuwel opgetrek.

Toe het Seekoei getrek en gesnork en gesukkel tot hy Olifant halfpad by die heuwel opgetrek het.

Terwyl Olifant en Seekoei teen mekaar getrek het, het Springhaas gelag. Toe het hy ‘n skerp klip gevat en die tou middeldeur gesny.

Seekoei en Olifant het in die see ingetuimel met ‘n groot gespat!

Hulle het gedink Springhaas moet inderdaad werklik baie sterk wees en het hulle hom nooit weer geboelie nie.

EraBooks